

20 NOVEMBER

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 127
FOKUSGEDEELTE: PSALM 127:2**

God is die enigste Werkgewer wat jou kan seën

Psalm 127 is 'n lied wat gelowiges gesing het toe hulle opgetrek het na die tempel in Jerusalem. Die indrukwekkende huis van God het hulle so aangegryp terwyl hulle nader beweeg het, dat hulle die Here geloof het. Sonder sy krag, leiding en seën sou so iets nooit tot stand gekom het nie. Dit was egter nie alleen 'n lofpsalm waarin hulle God as die groot Werkgewer en Bouer geprys het nie. Hierdie lied was ook van toepassing op hulle eie lewens. Dit sing nie net van tempelbou en huisbou nie, maar is ook betekenisvol vir die mens wat aan sy eie lewe, sy eie loopbaan en werk moet bou. Hierdie psalm is dus in die eerste plek 'n belydenis dat die mens se lewenstaak en arbeid uit God se hand kom. Die grootste, mooiste en skynbaar onvernietigbare mensewerk is onmoontlik sonder Godgewe genade, gawes en krag. Dit is God wat werk – dit is Hy wat deur die verstand en hande van mense groot dinge doen.

Veral die werk wat jy in die kerk en vir die Here doen, is werk wat Hy jou aanbied. Daarin vind jy jou vreugde, so bou jy aan jou eie lewe. Jy is aan God self verantwoordelik. Vir hom sal jy moet wys of jy met goud en silwer, of met strooi en stoppels gebou het. Werk kom van God af!

Verder herinner die psalm daaraan dat seën op arbeid van God af kom. Die herhaling van een woord maak ons egter bekommerd, naamlik die woord “tevergeefs”. Ons sê dit maak ons bekommerd omdat hierdie psalm die woord “tevergeefs” aan ons werk koppel. Dit is verskriklik om te dink dat werk, die swaarkry, die geswoeg en gesweet, die ure en beplanning en al die spanning wat in ons beplanning verduur word, tevergeefs kan wees. Die psalm gaan verder deur te sê dat die Here al daardie sukses waarvoor 'n mens so worstel, vir die wat Hy liefhet, gee terwyl hulle slaap. Dit is asof daar 'n onsigbare hand van die Here is wat in stilte werk. Netso geruisloos berei Hy alles perfek voor vir die wederkoms van Jesus Christus. Daarom moet ons so werk dat ons werk ewige saad en produksie oplewer, lank nadat ons die saailand verlaat het. Die antwoord op die soeke na sukses en vooruitgang lê dus nie in die ekonomie van hierdie wêreld nie. Die psalm se advies is dat sukses alleen behaal kan word as dit met God se seën in verband gebring word.

Die vermaning in die psalm kom in die vorm van 'n waarskuwing wat 'n leser maklik mis. Die woordjie “as” bepaal eintlik die kernbetekenis van die hele psalm. Dit stel 'n voorwaarde wat die uitkoms vir suksesvolle mensewerk bepaal. Juis omdat daar soveel mense is wat die “as” mislees, is daar soveel tevergeefse arbeid op aarde, arbeid sonder seën.

Het jy al daardie punt in jou lewe bereik dat jy jou afhanklikheid van die Here besef? As jy het, dan sal jy ook weet watter groot dinge die Here deur jou wil doen. As ek vanaand gaan slaap, doen ek dit met die wete dat terwyl ek rus, God nog in my lewe werk en God nog vir my werk, want my Bewaarder sluimer of slaap nooit.

Sing: Psalm 127:1

Ds Christo Swanepoel (Nylstroom)